

Simthembile Xeketwana*

[Internasionale Moedertaaldag](#) word jaarliks op 21 Februarie gevier en hou besondere betekenis vir Suid-Afrika in, aangesien dit die noodsaaklike waarde van die bewaring, bevordering en koestering van al die land se uiteenlopende tale beklemtoon. Hierdie viering vind plaas in die dekad van die inheemse tale soos geproklameer deur die Verenigde Nasies se Algemene Vergadering.

Die proklamasie deur UNESCO erken dat inheemse tale 'n lewensbelangrike deel is van inheemse volke, hul kulturele erfenis, identiteit en sosiale samehang. Daar moet dus 'n deurlopende en aktiewe beskerming en bevordering van hierdie tale wees.

Met inagneming van die Suid-Afrikaanse konteks, beteken hierdie klem dat die ryk verskeidenheid van inheemse tale regdeur die land erken en in verskillende dele van die openbare lewe geïnkorporeer moet word. Dit sluit die regering in, waar kommunikasie en beleidsdokumente die taalkundige verskeidenheid moet weerspieël, en in onderwys, waar leer en onderrig in die moedertaal ondersteun en bevorder moet word om gelyke toegang tot epistemologieë en kulturele diversiteit te verseker. Per slot van rekening dien die viering van hierdie dag as 'n herinnering dat alle tale onderskeidende kennis, geskiedenis en waardes dra; dus moet die bevordering van meertaligheid as deurslaggewend beskou word aangesien dit nasionale eenheid sowel as individuele kulturele identiteit versterk.

Meertalige onderwys kan egter besig wees om Afrikatale te ontmagtig en simboliese gebare te gebruik om die oorheersing van Engels te verbloem. Sommige voer aan dat jeugstemme die hegemonie van Engels laat voortduur. Ek wonder dikwels of meertalige onderwys inderdaad plaasvind wanneer selfs Afrikatale, soos isiXhosa, in Engels onderrig word.

'n Paar dae gelede het ek 'n lesing gegee in my tweedejaars-isiXhosa-klas en begin om die woordsoorte in isiXhosa te lys. 'n Baie ontstelde stem het uit die studentegeleedere opgeklink, "Dok, verlede jaar is isiXhosa vir ons in Engels onderrig". Ek het toe gewonder of koloniale maniere van onderrig van Afrikatale in akademiese ruimtes opgehou het of voortduur ten spyte daarvan dat isiXhosa al vir jare 'n geskrewe taal is. Die student se opmerking het my ook laat besef dat die koloniale en apartheidsstaalbeleide en hiërargieë voortgaan om die magsdinamika in die klaskamer te vorm.

In 'n onlangse [studie](#) in *Language Matters* het my kollega Christine Anthonissen en ek aangedui dat sekere instellings soms meertalige ruimtes kan verminder terwyl glansryke beleide meertaligheid bely, maar die werklike praktyk grootliks eentalig bly. Wat die student se uitspraak bewys het, is dat ons as taalnavorsers moontlik met 'n dilemma gekonfronteer word omdat ons dalk dink dat ons meertalige burgers produseer, maar in werklikheid mense produseer wat Engels gebruik om in verskillende kontekste te oorleef. Dit sal gebeur as meertalige beleide en hulle implementering vaag bly in ons opvoedkundige instellings. Hoewel ek erken dat daar noemenswaardige vordering gemaak word om meertaligheid by verskillende universiteite te bevorder, veral as dit kom by naamborde, korporatiewe kommunikasie en dies meer.

Daarbenewens laat die hiperbool in akademie oor veeltalige onderwys en hoe dit 'n voertuig in dekoloniale bewegings moet wees, die vraag ontstaan of dit werklike transformasie kan teweeg bring of blote retoriek bly. Die punt wat ek probeer maak, is dat ons moontlik weer moet kyk na wat dit beteken om jong meertalige geleerdes in Suid-Afrika vandag te skep. Dít terwyl Afrikatale steeds sukkel as vakke en as tale van leer en onderrig in ons hoëronderrigsektor. Hierin sien 'n mens wie se taal/tale institusionele erkenning kry en wanneer, en wie se taal steeds gemarginaliseer word.

Soos ek elders aangevoer het, is die enigste manier om ware meertalige onderwys te sien om te verseker dat Afrikatale meer in skryfwerk gebruik word, selfs in die akademie. As Afrikataalstudente nie tot vakkundige diskoerse in hulle moedertaal kan bydra soos wat hulle in Engels kan nie, mors ons dalk ons tyd.

Vir Afrikatale om gesien te word as tale vir toegang tot kennis en as sodanig geïmplementeer te word, is 'n kwessie van gelykheid en geregtigheid. In ons klaskamers het ons steeds jong individue wat uiteenlopende taalkundige repertoires bring, maar geïgnoreer word in die konstruksie van kennis.

Dit is nou hoog tyd dat ons begin om jongmense aan te moedig om Afrikatale in die digitale wêreld te gebruik en te ontwikkel. Jeug-geleide bewegings wat Afrikatale op verskillende platforms sal bevorder, kan ons verby blote retoriek laat beweeg. Om dit te doen, kan ons professionele taalpraktisyns betrek, diegene wat taal gebruik en weet hoe taal in verskillende sfere van die samelewing werk.

Deesdae word Afrikatale soos isiXhosa deur verskillende mense gepraat en gebruik om literêre werke te produseer. Die bestaande korpus van werk kan gebruik word om Afrikatale en meertaligheid in onderwys te bevorder.

Ten slotte, terwyl ons Internasionale Moedertaaldag herdenk, moet ons stilstaan en oor die volgende vrae nadink: Is meertalige onderwys in Suid-Afrika 'n verraaide belofte? Produseer ons meertalige burgers of net mense wat Engels as 'n oorlewingsmeganisme gebruik? Ons moet op die pad vorentoe oplossings vind vir die taalkwessies wat ons in die gesig staar en jongmense bemaagtig om hulle moedertaal in 'n meertalige samelewing te bevorder.

**Dr Simthembile Xeketwana is 'n senior lektor in die Departement Afrikatale aan die Universiteit Stellenbosch.*